


# Katjie-Kapperjolle 2

## *Liewe Amperse Rooikat-Ouers*

Michaelangelo het elke dag vir vyf jaar lank vrolik opgestaan om op sy rug te lê en die res van die dag met sy vingers om 'n verfkwas die plafon van die Sistynse-kapel te verf. Dag in en dag uit het sy vingers die mooiste kunswerk geskep wat generasies later nog steeds daagliks besoekers bekoor en beskou word as een van die grootste werke in die wêreld se kunsgeskiedenis!

Maar, selfs Michelangelo se vingertjies was eers klein en dom vingertjies wat deur 'n juffrouhand geleer is om die verfkwasgreep te vervolmaak. Ook sy vingertjies moes eers so dom-dom vroetel en voel, totdat die vroetel al hoe meer doelgerig geraak het en totdat hy daarmee meesterstukke kon skep.

Wie sou weet watter Juffrou het die vingertjies gevat en om die eerste verfkwas gevou sodat die eerste verfhale oor 'n stuk papier getrek kon word en Michaelangelo se talent kon begin ontluik.

Chris de Burgh (ja, daar gee ek my ouderdom weg) sing so mooi in sy liedjie *The Hand's of Man*:

*These are the hands that build cathedrals*
*These are the hands that feed the world...*
*And we have crossed the oceans, we have followed the stars*
*We have learned to reason, we have studied the heart*
*We can build cathedrals, we are part of the plan*
*We have sailed the skies*
*For we are man.*

En is dit nie ongelooflik om te dink oor die wonder van hande wat wêreldwyd bou en ons wêreld skep en onderhou nie, maar meer nog, dat groot hande iewers eers klein handjies was wat eers gevorm en geoefen moes word voordat hulle groot dinge kon begin doen. Klein handjies moes eers leer hoe , en moes toe doen en weer doen om so te ontdek wat die handjies kan doen.

In Venisië is daar 'n brug bestaande uit 6 pare hande (geskep deur die kunstenaar Lorenzo) wat besoekers wêreldwyd in verwondering het, want om die wonder van grootse werke te beleef, moes daar iewers handjies eers leer ryg en plak het, potlode en verfkwaste leer vashou het en met pypskoonmakers gewerk het. Handjies moes leer om hale te verf, bondeltjies klei en dan 'n skêr vas te hou wat "dak toe knip" met 'n sterretjie op die duimnael wat " dak toe moet wys". Ek wonder of Michaelangelo se mamma of juffrou sulke slim planne gehad het vir ongeoefende vingertjies?

Ons Juffrouens maak gelukkig die slimste planne vir klein handjies om groot dinge te gaan doen. Dis so lekker om te weet dit begin klein waar dit saak maak om groot te gaan doen waar dit die wêreld raak!











Annieka Moolman

**ADJUNKHOOF: AKADEMIE EN KOMMUNIKASIE**





**Klik hier en beleef hoe lyk ons hele skool as ons die Springbok-kreet-kompetisie aanpak:**

**https://tinyurl.com/Springbokkreet**

**Of loer sommer op ons facebook -blad.**

# BEKENDSTELLING: PERSONEEL

**Ons stel graag ook ons Graad R-Sentrum en ons Rooikatland–Kleuterskool se personeel bekend.**

**GRAAD R-SENTRUM en ROOIKATLAND-bestuur:**



**Me. Ilse Oosthuizen (Departementshoof: Graad RR-1)**

**BESTUURSHOOF : GRAAD R-SENTRUM EN ROOIKATLAND**

**ilse.oosthuizen@lsc.co.za**



**Me. Andine Dey**

**GRAADHOOF:**

**GRAAD R-SENTRUM**



**Me. Renscha Meiring**

**ONTVANGS (vanaf 2025)**

**Graadradmin@lscp.co.za)**



**Me. Marihette Joubert**

**GRAADHOOF:**

**ROOIKATLAND**



**Mnr. Louis Boshoff**

**DEPARTEMENTSHOOF: SPORT**

*Mnr. Boshoff is baie bekend in rugbykringe en rig onder andere ook die O/19 SA ALL STARS SEWESPAN af wat in 2023 as naaswenners by die WORLD PARIS GAMES eindig. Hy is hoof van ons Rooikat-Rugby-Akademie (vir Graad R-7). Hy het ook 'n eie RooiSkat by ons in die Graad R-Sentrum en die Rooikat-rugbyspanne volg hom soos 'n skadu.*

PERSONEEL—BEKENDSTELLING:

# ONS GRAAD R-SPAN

## MET DIE BLINKSTE PLANNE!



Me. Andine Dey

GRAADHOOF



Me. Izelle Cowley

HULPGRAADHOOF



Me. Carena Barnes



Me. Mia O'Reilly



Me. Larissa Jankowitz



Me. Athena Swart



Me. Marlise Viljoen



Me. Alani Viljoen



Juffrou Yolandé Sutil

Skaakjuffrou en

Skaakafrigter.



Juffrou Jeannie Pretorius

Fisiese Lewensoriëntering

Landloop-afrigter



Me. Lize Nauta

Kodering

Departementshoof:

Graad 2 en 3



Me. Evarni Lee

Assistent:

Juffrou Andine Dey

# PERSONEELBEKENDSTELLING

**Rooikatjies, ontmoet ons Graad RR-Personeel van**

# ROOIKATLAND



**Juffrou Marihette Joubert**

**GRAADHOOF**



**Juffrou Zané Hand**

**HULPGRAADHOOF**



**Juffrou Aimee-Jane Chapman**



**Juffrou Jana Matthysen**



**Juffrou Gladys**

**Assistent: Juffrou Marihette**



**Juffrou Nella**

**Assistent: Juffrou Zané**



**Juffrou Deliwe**

**Assistent: Juf. Aimee-Jane**



**Juffrou Peggy**

**Assistent: Juffrou Jana**

**Ontmoet ook vir:**



## Juffrou Nicole Marais

## Departementshoof: Kultuur

Juffrou Nicole is in beheer van alle kultuuraktiwiteite by ons skool. Graad R-maatjies kan deelneem aan verskillende genres by die SENTRUM VIR DIE KUNSTE wat op ons terrein in die middae plaasvind. Hulle bied musiek, dans en drama aan. Daar is tromme, viool, klavier en kitaar om van te kies, sou 'n Rooikat al wou. Elkeen ken sy eie Rooikat-lyfie en sal weet waarvoor hulle reg is op 'n gegewe tyd, want niemand wil wegspring met te veel nie, maar ook nie rem daar waar vingertjies al wil nie.

Laerskool Constantiapark het 'n Graad R-Koor en Graad R en Graad RR -spreekkore wat skitter by Kunswedstryde en waar ons met ons Graad R-maatjies in 'n groep werk.

*Ons ingesteldheid is deelname sonder druk om te ontwikkel, te verken en te leer doen. As dit goed gaan, jubel ons, maar ons fokus is ontwikkeling van waagmoed en om die genot van 'n aktiwiteit te beleef en verskillende aktiwiteite aan te pak en te ontdek, totdat elkeen die plekkies vind wat hom/ haar soos 'n handskoen pas!*

*Ons wil aanmoedig en elke tree vorentoe vier en as daar skielik vier tree is , is daar altyd 'n Mcflurry naby om mee te vier!*

# SPEELSTASIES IN POUSE!

**Speel is ons werk en daarom is pouse 'n speelparadys! Elke Juffrou beman 'n speelstasie en ons RooiKatte en RooiSkatte speel oral na hartelus! En die wat net wil kilm en klouter en hol, kan ook net klim en klouter en hol na hartelus.**

















# SPEEL IS ONS WERK!

***Hier leer ons van skaakmat en maak skuiwe sonder keer ...***

Ons Grondslagfase het **skaak** van Graad R af as verrykingsaktiwiteit tydens amptelike skoolure. Ons skaakjuffrou is aangewys as die nommer 2 afrigter in Tshwane, so sy weet wat sy doen!

Die analitiese denke van skaak skakel nou in by die ander leerarea van Graad R tot 3 met die naam KODERING.

Beide SKAAK en KODERING leer ons Rooikatjies se breintjies patrone aan wat dan tot probleemoplossing begelei. Hierdie is 'n gawe grondslag wat gelê word vir die wegtrek van Wiskunde. Kodering is in 2023 by die voorgeskrewe leerplan vir Graad R infaseer, maar ons bied al KODERING vir 'n paar jaar van Graad 3 tot 7 as verrykingsvak aan. Ons begin met BLOKKIES dan word blokkies PIONNE en dan gaan pionne maan toe via die kuber!









***Eers blokkies, dan pionne en dan kodering en daarna dans ons op die maan!***

# INLOERDAG

Kom kuier en ontmoet jou Juffrou!

**24 OKTOBER 2024**

**15:00-18:00**



**WAARDES RIG ONS ROOIKATTE, WANT DAN KOESTER ONS ONS WÊRELD!**



***LIEFDE***


***RESPEK***

***LOJALITEIT***

# ONDERWYSERSDAG 2024

**Ons trek aan soos ons gunsteling-juffrou of -meneer of DR. DEY.**












# ROOIKATLAND SE GRAAD RR

## leer nuwe vaardighede op die rug van perdjies!

***Horse Worx bied een keer 'n week equiterapie aan vir ons Graad RR-leerlinge in skooltyd.***










**" There's something about the outside of a horse that is good for the inside of a man." - Winston Churchill**
















# Ons leer elke dag hoe om liefde en omgee te leef!




'N LEKKER IETSIE OM SAAM MET MAMMA EN PAPPA TE DOEN

# ONS MAAK MELKKOS

**Mamma, Pappa en julle RooiKat of RooiSkat, maak sommer saam-saam 'n lekker kossie in die kombuis, want klein vingertjies kan speel-speel oefen as hulle die botter en meel vryf! Saamtydjies saam met Mamma en Pappa is koestertydjies. En Melkkos is 'n lekker vinnige naweek-kossie wat almal laat glimlag! Speel-speel saam, vryf saam, knibbel saam! Tyd saam met Pappa en Mamma is die tydjies waaroor ons in die klas gesels en wat ons laat veilig voel.**




Klaskuns